

S v NKOSI EN 'N ANDER 2000 (2) SACR 94 (T)

Citation	2000 (2) SACR 94 (T)
Court	Transvaal Provincial Division
Judge	Swart R, Engelbrecht Wn R
Heard	April 19, 2000
Judgment	April 19, 2000
Annotations	None

Flynote : Sleutelwoorde

Jeugdige oortreders - Vonnis - Voorkeur moet aan rehabilitasie gegee word -Waar jeugdige oortreders onverdedig is en nie bystand van voog het nie moet hof volledig ingelig wees voor vonnis opgelê word -Inligting kan ten beste bekom word deur eerstens proefbeampteverslae aan te vra en omstandighede van kind te bepaal.

Headnote : Kopnota

Ondervinding leer dat die gemeenskap en die howe nie altyd teenoor jeugdiges of jong kinders simpatiek is nie omdat misdaad (selfs ernstige misdaad) deur jong mense, jeugdiges en kinders gepleeg word, soms herhaaldelik. Die feit bly egter staan dat, ongeag die oënskynlike erns van die misdryf, die hof in 'n geval waar dit met jong kinders werk wie se morele blaamwaardigheid nie aan die van volwassenes gemeet kan word nie die kwessie van bestrafning in beginsel vir sover dit moontlik is uit die oogpunt van rehabilitasie en versorging moet benader. Dit sal natuurlik nie altyd moontlik wees om voorkeur aan rehabilitasie as oogmerk van bestrafning of aan versorging en kontroleering as maatskaplike ideale te gee nie. Daar moet egter in die geval van jeugdiges en jong kinders pogings daartoe aangewend word. Dit beteken, in 'n geval waar die beskuldigdes boonop onverdedig is en nie die bystand van hulle voogde het nie, dat die hof volledig ingelig moet wees voordat vonnis opgelê word. Dit geld ook in die geval van 'n opgeskorte vonnis want dit is moontlik dat so 'n vonnis later uitgedien moet word. Die inligting wat die hof hiervoor benodig is nie net gemik op die gebruiklike oogmerke van strafoplegging nie maar waar moontlik ook op die strukturering van 'n vonnis wat koers kan gee en bystand kan verseker in 'n jong lewe wat die spoor byster geraak het. Hierdie inligting kan ten beste gekom word deur eerstens proefbeampteverslae aan te vra en die omstandighede van die kinders insluitende hul presiese ouerdomme behoorlik te bepaal. Alhoewel daar dikwels praktiese probleme in die weg van sodanige strewe sal wees en in bepaalde gevalle, as gevolg van menslike feilbaarheid pogings tot rehabilitasie en onderskraging 'n mors van tyd sal wees, beteken dit nie dat dit nie nagestreef en as uitgangspunt behoorlik ondersoek moet word nie.

Flynote : Sleutelwoorde

Juvenile offenders - Sentence - Priority should be given to rehabilitation- Where juvenile offenders are unrepresented and do not have assistance of guardian court must be fully informed before sentence is imposed- Information can best be gleaned by obtaining probation officer's report and determining circumstances of child.

Headnote : Kopnota

Experience teaches that the community and the courts are not always sympathetic towards juveniles or young children because crime (even serious crime) is often committed (sometimes repeatedly) by young people, juveniles and children. The fact remains however, in spite of the apparent seriousness of a crime, that the court in dealing with a case involving young children whose moral culpability cannot be compared to that of an adult should approach punishment in principle in as far as it is possible from the point of view of rehabilitation and care.

It will naturally not always be possible to give priority to rehabilitation as an aim of

punishment or to care and control as social ideals. In the case of juveniles and young children however attempts must be made to achieve this. This means that in a case where the accused are in addition unrepresented and do not have the assistance of their guardians the court must be fully informed before sentence is imposed. This applies also in the case of a suspended sentence because it is possible that such a sentence will later have to be served. The information which the court requires for this purpose must not only be aimed at the usual aims of punishment but, where applicable, also at the structuring of a sentence which can give direction and assistance to a young life which has gone off the rails. This information can best be gleaned by calling for a probation officer's report and by determining the circumstances of the children, including their exact ages. Although there are often practical problems standing in the way of achieving such a goal and in certain cases, as a result of human weakness, attempts at rehabilitation and support will be a waste of time, this does not mean however that it should not be strived for and, as a point of departure, be properly investigated.

Case Information

Hersiening.

Judgment

Swart R: Die beskuldigdes, wat volgens die klagstaat albei 16 jaar oud was, het in die landdroshof te Volksrust terreggestaan op 'n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Albei het skuldig gepleit, is skuldig bevind en elkeen is tot twee jaar gevengenisstraf gevonnis. Die vonnis van beskuldigde 1 is in geheel vir 'n tydperk van drie jaar op toepaslike voorwaardes opgeskort.

Die saak het by wyse van outomatiiese hersiening voor my gekom. Ek het die agbare landdros se aandag daarop gevestig dat die saak op 'n stadium vir 'n proefbeampte verslag uitgestel is en gevra wat daarvan geword het. Ek het ook gevra of twee jaar nie te kwaai is nie gedagtig die periode van aanhouding voor vonnis.

Ek verpoos om te vermeld dat my navraag aan die landdros slegs onder die naam van beskuldigde 2 gerig is en dat weens 'n oorsig in die navraag die datum van oorspronklike aanhouding verkeerd aangegee is. Die twee beskuldigdes het op 10 Augustus 1999 vir die eerste keer voor die hof verskyn en is by verdere uitstelle aangehou omdat geen plek van veiligheid beskikbaar was nie. Slegs beskuldigde 2 se voog het die verrigtinge bygewoon tot 23 Desember 1999 toe dit geblyk het dat die voogde afwesig is en nie wil hof toe kom nie. Die Direkteur van Openbare Vervolgings het daarop gewys dat die aspekte wat ek in die navraag geopper het op beide beskuldigdes betrekking het.

Die landdros se antwoord met betrekking tot beskuldigde 2 na aanleiding van my eerste navraag was soos volg gewees:

'Daar was wel 'n proefbeampteverslag aangevra maar die beskuldigde het soveel sake teen hom gehad dat die proefbeampteverslag in een van die ander sake aangewend was. Die proefbeampte was gevra om 'n afskrif van die verslag aan die kantoor te voorsien maar tot op hede is nog niets ontvang nie. Dit is ook die rede waarom die skrywe 'n paar dae laat is. Dit kan net gemeld word dat die beskuldigde op 7 Februarie 2000 weer skuldig bevind was aan opsetlike saakbeskadiging van 'n veiligheidshek by 'n besigheid in Volksrust en 'n opgeskorte vonnis opgelê is. Die beskuldigde was ook op 25 Junie 1999 skuldig bevind aan huisbraak en 'n uitgestelde vonnis opgelê.'

Dit blyk egter uit die oorkonde dat ook beskuldigde 1 uiteindelik sonder 'n proefbeampte verslag gevonnis is.

Die Direkteur van Openbare Vervolgings, wat my van 'n behulpsame memorandum voorsien het, is van mening dat daar van proefbeampte verslae gebruik gemaak moes gewees het. Wat beskuldigde 2 betref is daar in alle geval reeds een opgestel. Die Direkteur van Openbare Vervolgings is die mening toegedaan dat daar onvoldoende inligting oor die persoonlike omstandighede van die beskuldigdes en die rede vir die pleging van die misdryf voor die hof was. In hierdie verband verskyn slegs die volgende

submissies aan die hof deur die beskuldigdes op bl 7 van die oorkonde:

'Beskuldigde 1

Dit is begin van die jaar. Wil terug gaan skool toe. Oupa sal betaal. Kan nog registreer. Is 16 jaar oud. Ouers is oorlede. Dis al.

Beskuldigde 2

Vra dat hof my waarsku. Wil terug skool toe gaan. Is in St 6. Bly saam met sy ouma en tante. Pa is in Piet Retief. Ma is in Newcastle. Vra dat die hof my vrylaat. Skole het nou net oopgemaak.'

Die oorkonde toon nie formeel dat vorige veroordelings bewys is nie maar daar is wel 'n SAP 69 in die oorkonde waarvolgens beskuldigde 2 'n skuldigbevinding in Februarie 1999 van huisbraak met die opset om te steel en diefstal erken het. Vonnisoplegging is vir drie jaar uitgestel en vonnis in daardie saak is nog nie opgelê nie.

Geen redes vir die pleging van die onderhawige misdryf blyk uit die oorkonde nie. Die misdryf was beplan gewees. Die beskuldigdes het die dak van 'n winkel oopgebreek deur 'n sinkplaat te verwyder en het toe 'n groot hoeveelheid ware en goedere uit die winkel gesteel waarvan die waarde nie aangegee is nie.

Die misdryf is ernstig van aard en beskuldigde 2 se vorige veroordeling is verswarend en onder normale omstandighede sou swaar vonnisse te wagte wees en lyk die vonnis van beskuldigde 2 op die oog af nie buitensporig nie.

Die omstandighede is egter meer gekompliseerd omdat die netelige kwessie van vonnisoplegging en moontlike aanhouding van jeugdiges (in hierdie geval eintlik jong kinders) weereens ter sprake kom. Ondervinding leer dat die gemeenskap en die howe nie altyd teenoor jeugdiges of jong kinders simpatiek is nie omdat misdaad (selfs ernstige misdaad) dikwels huis (ook op herhalende basis) deur jong mense, jeugdiges en kinders gepleeg word. Die feit bly egter staan, ongeag die oënskynlike erns van die misdryf, dat die hof in 'n geval soos hierdie met jong kinders werk wie se morele blaamwaardigheid nie aan di, volwassenes gemeet kan word nie en wie se bestrafning in beginsel vir sover dit moontlik is uit die oogpunt van rehabilitasie en versorging benader behoort te word. Dit sal natuurlik nie altyd moontlik wees om voorkeur aan rehabilitasie as oogmerk van bestrafning of aan versorging en kontroleering as maatskaplike ideale te gee nie. Daar moet egter in die geval van jeugdiges en jong kinders pogings daartoe aangewend word. Dit beteken in 'n geval soos hierdie waar die beskuldigdes boonop onverdedig is en nie die bystand van hulle voogde het nie die hof volledig ingelig moet wees voordat vonnis opgelê word.

Dit geld ook in die geval van 'n opgeskorte vonnis want dit is moontlik dat so 'n vonnis later uitgedien moet word. Ek herhaal dat ek van mening is dat die inligting wat die hof hiervoor benodig nie net gemik is op die gebruiklike oogmerke van strafoplegging nie maar waar moontlik ook op die strukturering van 'n vonnis wat koers kan gee en bystand kan verseker in 'n jong lewe wat die spoor byster geraak het. Hierdie inligting kan ten beste bekom word deur eerstens in 'n geval soos hierdie proefbeampteverslae aan te vra en die omstandighede van die kinders insluitende hul presiese ouderdomme behoorlik te bepaal. Ek is bewus daarvan dat daar dikwels praktiese probleme in die weg van sodanige strewe sal wees en dat in bepaalde gevalle as gevolg van menslike feilbaarheid pogings tot rehabilitasie en onderskraging 'n mors van tyd sal wees. Dit beteken egter nie dat dit nie nagestreef en as uitgangspunt behoorlik ondersoek moet word nie.

Ten aansien van beide beskuldigdes word die volgende bevele gemaak:

1. Die skuldigbe vindings word bekratig.
2. Die vonnise word tersyde gestel en na die landdros terugverwys vir die aanhoor en oorweging van die verslag en getuienis van 'n proefbeampte en van sodanige verdere inligting of getuienis wat die landdros by die heroplegging van vonnis paslik ag. Wanneer vonnis opnuut opgelê word moet die landdros die bepalings

van art 282 van Wet 51 van 1977 in ag neem.

Engelbrecht Wn R het saamgestem.